# Verkleining

| Reël | Voorbeelde | Uitsonderings |
|---|---|---|
| **Reël 1: Kort vokale wat eindig op f, g, k, p of s**<br>*Verdubbel die konsonant en voeg –ie by* | lip - lippie<br>gras - grassie<br>pop - poppie<br>lag - laggie<br>stok - stokkie<br>prop - proppie<br>kas - kassie<br>hek - hekkie<br>sif - siffie | skip - sk**epie**<br>spel - spel**etjie**<br>som - som**metjie** |
| **Reël 2: Lang tweeling vokale wat eindig op f, g, k, p of s**<br>*Een vokaal val weg, voeg -ie by* | baas - basie<br>oog - ogie<br>kraak - krakie<br>stroop - stropie<br>graaf - grafie<br>staaf - stafie | |
| **Reël 3: Woorde eindig op f, g, k, p of s met 'n ander konsonant vooraf**<br>*Voeg slegs –ie by* | stomp - stompie<br>kers - kersie<br>park - parkie<br>vark - varkie<br>kerk - kerkie<br>kramp - krampie<br>berg - bergie | |
| **Reël 4: Woorde eindig op f, g, k, p of s met 'n diftong vooraf**<br>*Voeg slegs –ie by* | brief - briefie<br>fiets - fietsie<br>broek - broekie<br>reus - reusie<br>stoep - stoepie<br>kroeg - kroegie | |

Copyright © 2014, StudyChamp. All rights reserved

www.studychamp.co.za

# Verkleining

| Reël | Voorbeelde | Uitsonderings |
|---|---|---|
| **Reël 5: Woorde wat eindig op –d of –t**<br><br>*Voeg slegs –jie by* | mat - matjie<br>bad - badjie<br>kat - katjie<br>maat - maatjie<br>potlood - potloodjie<br>present - presentjie<br>geut - geutjie<br>boud - boudjie | pad - pa**adjie**<br>blad - bla**adjie**<br>*(aai klank)* |
| **Reël 6: Woorde wat eindig op 'n diftong of –ie**<br><br>*Voeg slegs –tjie by* | kraai - kraaitjie<br>leeu - leeutjie<br>trui - truitjie<br>kierie - kierietjie<br>familie - familietjie | nooi - nooi**entjie** |
| **Reel 7: Woorde wat eindig op l, n of r met 'n lang vokaal of diftong vooraf**<br><br>*Voeg slegs –tjie by* | traan - traantjie<br>boer - boertjie<br>straal - straaltjie<br>kraan - kraantjie<br>deur - deurtjie<br>vloer - vloertjie<br>skoen - skoentjie | venster - venster**tjie**<br>(nie voorafgegaan deur 'n lang vokaal of diftong nie) |
| **Reël 8: Woorde wat eindig op l, m, n of r met 'n kort vokaal vooraf**<br><br>*Verdubbel die konsonant en voeg –etjie by* | blom - blommetjie<br>som - sommetjie<br>ster - sterretjie<br>pan - pannetjie<br>pil - pilletjie<br>bal - balletjie | |
| **Reël 9: Woorde wat eindig op m**<br><br>*Voeg slegs –pie by* | boom - boompie<br>asem - asempie<br>skelm - skelmpie<br>arm - armpie<br>geheim - geheimpie | *Maak seker dat dit nie inval by Reël 8 nie.* |


Copyright © 2014, StudyChamp. All rights reserved
www.studychamp.co.za

# Verkleining

| Reël | Voorbeelde | Uitsonderings |
|---|---|---|
| **Reël 10a: Woorde wat eindig op –ng met een lettergreep**<br><br>*Voeg by –etjie* | ring - ringetjie<br>kring - kringetjie<br>long - longetjie<br>slang - slangetjie<br>wang - wangetjie | *Hierdie is die woorde wat slegs –e bykry in die meervoud* |
| **Reël 10b: Woorde wat eindig op –ng met meer as een lettergreep**<br><br>*Die –g val weg en –kie word bygesit* | koning - koninkie<br>heining - heininkie<br>piering - pierinkie<br>doring - dorinkie<br>kussing - kussinkie<br>varing - varinkie | *Woorde eindig gewoonlik op –ing* |
| **Reël 11: Woorde wat eindig op i, o, u of lang a klank<br>(ook by letters, syfers en simbole)**<br><br>*Afkappingsteken en –tjie word bygevoeg* | foto - foto’tjie<br>pa - pa’tjie<br>3 - 3’tjie<br>skadu - skadu’tjie<br>mini - mini’tjie | *Die volgende kry nie ‘n afkappingsteken nie:*<br>oupa - oupatjie<br>mamma - mammatjie<br>kafee - kafeetjie |




Copyright © 2014, StudyChamp. All rights reserved